

KERK EN GERECHTIGHEID*

C.J. Wethmar

Die beste manier om 'n skrywer te eer, is om dit wat hy geskryf het grondig te lees. En wie 'n denker wil huldig, kan daar geen beter wyse voor vind as om tot selfstandige en ernstige nadenke te kom nie. Dit is daarom sinvol dat ons die feestelike van hierdie geleentheid ook die gestalte gee van 'n klein stukkie gesamentlike nadenke oor 'n tema wat ons vriend en kollega, Professor Johan Heyns, na aan die hart lê. En dit ly geen twyfel dat die onderwerp "Kerk en Gerechtigheid" aan hierdie laasgenoemde kwalifikasie voldoen nie.

Oor die vraag na die verhouding tussen kerk en gerechtigheid bestaan daar in die kerklike en teologiese wêreld van ons tyd 'n groot verskeidenheid uiteenlopende opvattinge. Dit is uiteraard onmoontlik om in die kort tyd wat ons vir hierdie gesprek beskikbaar het 'n volledige ontleding van die verskillende oortuigings en posisies te maak. Wat ons wel kan probeer doen, is om enkele fasette van hierdie ryk geskakeerde problematiek uit te lig aan die hand van drie vrae. Hierdie vrae is: Het die kerk hoegenaamd iets oor gerechtigheid te sê? Indien

wel, hoe moet hy dit sê? Wat kan die kerk oor gerechtigheid sê?

Ook hierdie vrae kan hier nie volledig beantwoord word nie. Ons kan alleen probeer om 'n paar opmerkinge oor elkeen van hulle te maak.

I

Eerstens dan die vraag *of die kerk iets oor gerechtigheid te sê het*. Hierop moet ondubbelsinnig bevestigend geantwoord word. Trouens, die stelling sou gemaak kon word dat die kerk wesenlik iets oor gerechtigheid te sê het. Om oor gerechtigheid te praat, is nie 'n opsionele luukse waarmee die kerk hom kan inlaat as dit hom pas of wat hy kan nalaat as dit hom nie pas nie. Die kerk praat nie maar net toevallig oor gerechtigheid nie, maar hy moet kragtens sy wese daaroor praat. In Bybelse taal kan 'n mens hierdie waarheid uitdruk deur te sê dat dit in die kerk nie maar net om mense gaan wat oor gerechtigheid praat nie, maar om mense wat honger en dors na die gerechtigheid. In die kerk gaan dit om mense wat weet dat jy eers die koninkryk van God en sy gerechtigheid moet soek en dat die

*Hierdie bydrae is 'n geleentheidswoord wat uitgespreek is op 9 Mei 1985 in die Rautenbachsaal van die Universiteit van Pretoria by geleentheid van die oorhandiging van die Andrew Murrayprys aan Prof J A Heyns vir sy werk "Teologiese Etiek I."

ander dinge dan vir jou bygevoeg sal word.

II

Dat die kerk oor geregtigheid moet praat, hang saam met die feit dat alhoewel die kerk in die wêreld is, hy tog nie van die wêreld is nie. Met hierdie stelling is die waarheid uitgedruk wat die Reformasie opnuut weer oor die kerk ontdek het. Die Reformasie het naamlik gesê dat die kerk die skepping van die evangelie is. Dit wat die kerk tot kerk maak, is die evangelie. En nou sou 'n mens kon sê dat die totale inhoud van die evangelie tot uitdrukking gebring kan word deur die begrip geregtigheid. Die evangelie roep in die mens die geloof wakker en deur die geloof kry 'n mens deel aan die geregtigheid van God. In die kerk gaan dit dus om mense wat nie eiegeregtig leef nie maar wat leef uit die geregtigheid wat God hulle toereken op grond van die soenverdienste van Christus. Daarom het die Reformasie steeds gepraat van die vreemde werk van die lyding van Christus wat lei tot die vreemde vryspraak van sonde op grond waarvan die vreemde geregtigheid tot stand kom waaruit die kerk leef. Hierdie leer van die regverdiging deur die geloof alleen was daarom vir die Reformasie die oortuiging op grond waarvan die kerk staan of val.

Die kerk moet dus oor geregtigheid praat omdat hy bestaan op grond van die geregtigheid van God.

Die tweede vraag waarop ons moet reageer, is die vraag *hoe die kerk oor geregtigheid moet praat*.

As hierdie spreke van die kerk werklik kerklike spreke moet wees, sal dit verskil van die spreke van die wêreld. Want in die wêreld gaan dit met die groot woorde van ons lewe net soos met ons Rande en sente. Hulle is aan 'n verterende inflasie blootgestel. Hulle word op só 'n manier gebruik dat hulle gou niks meer werd is nie. Hoe maklik word 'n woord soos geregtigheid niks anders as maar net die masker waaragter die eie belang van mense en groepe van mense skuilgaan nie? Daarom leer die Bybel dat as ons geregtigheid nie oorfloediger is as dié van die Fari-seërs en Skrifgeleerdes nie, ons nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.

Waar daar egter werklik kerklik oor geregtigheid gepraat word, dit wil sê waar die vreemde werk van God en die vreemde vryspraak tot basis word van die vreemde geregtigheid waardeur die kerk leef, daar sal hierdie spreke van die kerk nie anders ervaar word as die spreke van 'n vreemdeling nie. Alleen as die kerk hierdie vreemdelingskap nie uit die weg gaan nie het hy vir die wêreld iets te sê. Gaan hy dit wel uit die weg, het hy nie alleen sy identiteit nie, maar ook sy relevansie verspeel.

Maar watter konkrete gestalte neem die spreke van die kerk in die lig van hierdie vreemdelingskap dan aan? As dit waar is dat die kerk die skepping van die evangelie is, dan is die vorm van sy spreke dié van 'n belydenis. Dit wat deur die evangelie geskep word, is die geloof en die manier waarop die geloof geleef word, is die belydenis. Die belydenis is nie iets wat jy net maar glo nie. Die belydenis is die gebeure waarin jy jou geloof bely. 'n Belydenis is dus nie maar net 'n intellektuele vasstelling van 'n stand van sake nie, maar 'n belydenis is iets wat jy met jou hele lewe doen. Dit is iets waarvoor jy jou hele lewe op die spel plaas. Dit is iets eksistensieels sou 'n mens kon sê. Dat dit die geval is, bring mee dat belydende spreke deur 'n paar eienskappe gekarakteriseer word wat van beslissende betekenis is vir die wyse waarop die kerklike spreke oor geregtigheid daar uit behoort te sien:

1. Daadwerklikheid. Dat 'n belydenis iets eksistensieels is, bring mee dat 'n belydenis nie net in die vorm van 'n woord geskied nie, maar ook in die vorm van 'n daad. Die kerk spreek oor geregtigheid in die vorm van die ortodoksie en die ortopraksie; in die vorm van getuienis en diens.

2. Historisiteit. Dat die belydenis met 'n mens se totale lewe gedoen word, beteken dat die belydenis nooit iets abstraks is nie,

maar konkreet op 'n bepaalde plek en 'n bepaalde tyd geskied. Die kerklike getuienis aangaande geregtigheid sal dus steeds rekening moet hou met bepaalde historiese omstandighede en dus histories genuanseerd die evangelie moet vertaal.

3. Ekumenisiteit. Die poging om die evangelie histories genuanseerd te vertaal, hou altyd die gevaar in van vereensydiging en verenging van die evangelie. Dat dit die geval is, blyk uit die feit dat daar byna geen sosiaal-etiese konsepsie onder die son is, hoedanig dit ookal mag wees, wat nie een of ander tyd 'n teologiese begronding ontvang het nie. Daarom moet die belydenis ekumenies funksioneer sodat gelowiges mekaar teen vereensydiginge kan vermaan. Die volheid van Gods genade en geregtigheid kan alleen deur *al* die gelowiges saam geken word.

4. Dinamiek. Dat die kerk oor geregtigheid in die wêreld belydend spreek, impliseer dat hierdie spreke steeds 'n dinamiese spreke is. Dit formuleer wel beginsels maar die kerk laat hierdie beginsels nie deïsties as't ware in die lug hang nie. Die beginsels moet telkens weer teruggekoppel word aan die lewende geloof wat 'n beslissende maatstaf is vir die Christelikheid van die beginsels. Hierdie eis tot dinamiek wat deur die belydeniskarakter van die kerklike spreke

oor geregtigheid meegebring word, het ook implikasies vir die kerk self. Dit hou naamlik in dat die kerk steeds weer reformerend moet leef. En om te reformeer, beteken nie slegs om 'n ideaal-toestand uit die verlede in die hede te repeteer nie, maar dit beteken om steeds weer dieper te leef uit dit wat die kerk tot kerk maak. En dit wil sê om nie in eie-geregtigheid te leef nie maar om steeds dieper te leef uit die geregtigheid van God.

III

By die oorweging oor hoe die kerk oor geregtigheid moet praat, het duidelik geword dat die derde van die ten aanvang gestelde vrae die kerk voor die opdrag stel om die totale Bybelse getuieis aangaande die geregtigheid van God en die eise wat dit vir die mens inhou, deur te vertaal na die konkrete omstandighede van die hede toe. Wat dit impliseer, kan hier uiteraard nie in 'n enkele woord uitgespel word nie. Wei kan hier, ter afsluiting, 'n enkele opmerking daarvoor gemaak word. Die opvallende en ingrypende uiteenlopendheid van opvattinge oor wat Christelike geregtigheid in ons tyd en in ons land behoort te wees, maak dit noodsaaklik dat in ekumeniese verband onder ons, strenger as in die verlede, aandag gegee moet word aan die vraag wat dit presies inhou om in die hede "tekens op te rig" van die komende

koninkryk van God. Die vraag sou gestel kon word of ons gebruik om die verband tussen konkrete gedragspatrone en die koninkryk van God alleen as "tekens" te omskryf, nie 'n groot willekeur in sosiaal-etiese uitsprake toelaat nie. In die beskrywing van hierdie verband sal ons groter strengheid en hermeneutiese noukeurigheid moet vind. Dit is 'n taak wat met groot dringendheid op die teologie wag. In die uitvoer van hierdie opdrag sal die teologie inderdaad daardie dissipline moet wees wat die noodsaaklike kerklik-ekumeniese gesprek so moeilik as nodig moet maak. So moeilik as nodig ten einde te help verseker dat die geregtigheid waarna gesoek word, die geregtigheid van die koninkryk van God is en nie een of ander vorm van menslike eie-geregtigheid nie.

Die konkrete opdrag wat dit vir die teologie inhou, is die beskrywing van 'n strenger en omvattender Christelike teorie oor sosiale geregtigheid as wat tot dusver in ons midde beskikbaar is. Ek sê doelbewus en met nadruk tot dusver want die vervolgband op "Teologiese Etiek, Deel Een" is tans in wording. En die keersy van die dank wat ons vandand uitspreek vir "Deel Een", is die vertrouensvolle verwagting wat ons koester vir "Deel Twee", ook en veral met betrekking tot die tema van "Kerk en Geregtigheid."